

Administratief:

Leraar:

Ds. Izak Liebenberg

Wihan Rossouw (Jeugwerker)

E-pos

ilieb@absamail.co.za

w.rossouw2@gmail.com

Kontak:

083 407 7858

073 489 1414

Bankbesonderhede:

Vir direkte inbetalings:

-NG Gemeente Meyerspark

-Absa Bank, Rek.-nr. 070 580 470

-Tak-nr. 632005

As verwysing: Voorletters en van

Kaartfasiliteite : Kerkkantoor

Kaartfasiliteite is in die kerkkantoor beskikbaar vir alle transaksies

Fasiliteiteverhuring:

Vir die verhuring van stoele, tafels en lokale, kontak: **Andries Joubert by 078 257 9783.**

Afkondigings / Advertensies:

Indien u graag 'n afkondiging of advertensie in die Basuin wil plaas: Kontak **René Steyn** by die kerkkantoor. Of e-pos die inhoud na ngmeyerspark@absamail.co.za

Hulpbronne:

Vir enige boeke/dvd's/cd's vir uitleen, besoek gerus ons mediasentrum in die sypaal.

Oop: Sondag : 10:00—11:00

Kerkkantoor:

Tel: 012 803 1531

Faks: 012 803 9289

E-posse:

(René : Administratiewe Beampte)

ngmeyerspark@absamail.co.za

(Beryl : Finansiële Beampte)

ngmeyersparkfin@absamail.co.za

Kantoorure:

Ma-Vr: 08:00– 13:00

So: 10:00–10:30

(gedurende skooltermyne)

Maak kontak:

Wil u graag... Meer inligting oor die gemeente bekom/ by 'n kleingroep inskakel/ 'n afspraak maak met 'n leraar/ vra vir voorbidding/ getuienis lewer/ terugvoer gee of 'n saak onder ons aandag bring? Vul asb. 'n kontakkaartjie in en plaas dit in die kollektesakkie.

Meyerspark buurtwag:

Web: Buurtwag.co.za

E-pos: admin@buurtwag.co.za



Die Basuin

So moet julle bid: "Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel". *(Matt 6:9 en 10)*

Afkondigings vir Sondag 19 Januarie 2020

Vir vandag:

GEBEDSMAAND OPVOEDING EN ONDERWYS

09:00 - Erediens - Prof Phil Botha

09:00 - Gesindiens - Wihan Rossouw

Tee na eredienste

10:00 - **Kategese opening.** Voorskool tot Gr 10. Alle ouers en kinders kom in die saal bymekaar

10:00 - **Mediasentrum oop**

10:00-10:30 - **Kerkkantoor oop**

Welkom in Meyerspark

Die volgende lidmate het met attestate na ons gemeente oorgekom:

- **Corrie Kichenbrand** van Wilgers Aftreeoord 308
- **Timo en Nans Wassermann** van Wilgers Aftreeoord 23

Koop-'n-Bybel-Gee-'n-Bybel

Voor in die kerk/saal is 'n **Engelse Bybel** gratis beskikbaar. Enigeen kan dit neem om vir iemand te gee wat nie 'n Bybel het nie.

Gebedsgids:

Vir versoeke vir voorbidding, skakel gerus René Steyn by die kerkkantoor (012 803 1531) of vul 'n kontakkaartjie in.

Die volgende lidmate het voortdurend u voorbidding nodig:

Chris le Roux (083 946 5751)
Rika Roodt (083 236 4038)
Riekie Boooyse (072 458 0244)
Johan Pretorius (071 009 7340)
Timo Wassermann (072 264 0420)
Hoppie Kruger (082 442 0259)

Bid asb vir:

Annette Serfontein wat in Wilgers Hospitaal is (082 853 0415)

Nuwe/Voornemende lidmate

Baie welkom in NG Kerk Meyerspark! Een van ons leraars wil u graag na die erediens voor by die kansel ontmoet.

Besoekers

Baie welkom hier by ons! Ons wil graag weet dat u hier was – vul asb. 'n kontakkaartjie in, en plaas in die kollektesakkie. Dankie.

Besoek ons webblad by www.ngmeyerspark.co.za

Hierdie week:

Maandag 20 Januarie

17:30 - **Bybelstudie vir vroue.** Almal baie welkom. Skakel Hermien (076 895 8855)

Dinsdag 21 Januarie

08:00 - **Personeelbyeenkoms**

09:30 - **Erediens by Wilgers Aftreeoord - Ds Izak Liebenberg**

18:00 - **Finansiële Bediening verg**

18:00 - **Byeenkoms in die kerk. Almal wat betrokke is by reëlings vir die Lydensweke / Paasfees**

Woensdag 22 Januarie

07:00 - **Vroeë biduur (kerk)**

09:00 - **Ester Bybelstudie** by Greta Engelbrecht (012 803 0833)

09:00 - **Bybelstudie vir seniors (sysaal) Prof Phil Botha**

10:00 - **Senior Bediening in die saal.** *Opening en gesellige samesyn. Uitdeel van programme.* Vervoer beskikbaar. Reël asb vooraf met **Suna Welgemoed (012 803 1680)**

14:30 - **Bybelstudie by Willow Estate Ds Izak Liebenberg**

Donderdag 23 Januarie

09:00 - **Vrouebybelstudie (sysaal)**

15:00 - **Middagbyeenkoms by Wilgers Aftreeoord**

Sondag 26 Januarie

Gebedsmaand - Gemeente aksies en aktiwiteite

09:00 - **Erediens - Izak Liebenberg**

09:00 - **Gesindiens - Wihan Rossouw**

Belydenisklas 2020

Belydenisklas met hul ouers ontmoet **ds Izak Liebenberg** Sondag **26 Januarie** om 10:00 in die kerk.

Afkondigings / Advertensies:

Hulp vir Mediasentrum

Die mediasentrum spog nou al met 'n goeie voorraad boeke en DVD's vir klein en groot en 'n uitleenstelsel wat goed werk. As jy van 'n boek hou en graag by die Mediasentrum wil help, is daar beslis ook 'n plekkie vir jou! Besoek ons gerus direk na die diens in die sysaal en bied jou hulp aan. Ons sal dit so waardeer.

Die rekenaarprogram is eenvoudig en as jy daarmee wil help, leer ons jou vinnig. Andersins waardeer ons hulp met die opname van boeke en DVD's, aankope van tyd tot tyd, en diens aan ons gemeentelede. Die Mediasentrum is oop van **10:00 tot 11:00 elke Sondag** tydens skoolkwartale, en jy kan help soos en wanneer dit jou pas.

Ons ontmoet jou graag na die diens!

Christa Bonnema, Madeleine Swart, Hermien Liebenberg

Spesiale Kerkraadsvergadering 27 Januarie om 18:00 in die sysaal
Kerkraad ontmoet dr Lourens Bosman wat die fasiliteringsproses gaan lei met die oog op die beplanning van die gemeente.

Soek dame om woonstel te deel

'n Dame gesoek om 'n woonstel met middeljarige dame te deel vir **R3 500 pm** (elektrisiteit ingesluit). Kontak **Suzette na 18:00 (076 452 3371)**

Huishulp soek werk

Evelyn, 'n baie betroubare huishulp wat al meer as 20 jaar by my werk, soek werk vir Maandae, Woensdae en Donderdae.
Navrae: **Correlie van der Hout (083 417 3226)**

Gebed vir skoolkinders

Dis tyd vir die skool om weer te begin, Here, en diep in my hart gaan lê die bang ook so bietjies-bietjies ...net soos elke jaar hierdie tyd. Ons kinders kry 'n ander klas en ander onderwyser.

Skool is nie meer dieselfde as toe ons nog pouses kaalvoet daar rond gehardloop het nie. Skool vat dikwels ons kinders se speel weg, Here. Skool vat so dikwels ons kinders se lag weg... skool verander stilwees-saamwees-tye in 'n mallemeule warrelwind tussen ekstra klasse, sport en huiswerk.

Ons bid vir ons kinders, Here dat:

*hulle altyd sal weet hulle is goed genoeg, al voel hulle nie slim nie

*hulle maats sal hê wat diep in hulle harte sal kyk, en sal besluit om enduit by hulle te bly

*U vrede oor hulle sal wees wanneer hulle bang en onseker raak

*hulle altyd hulle maniere sal onthou

*hulle nooit sal huiwer om op te staan vir dit waarin hulle glo nie

*hulle nooit nodig sal hê om bang te wees vir 'n leeftyd se respek, vir hulself, hul maats en vir hulle wat hulle moet leer

*hulle nooit sal huiwer om te vra as hulle iets nie verstaan nie

*hulle altyd sal weet daar wag 'n huis vol liefde om hulle toe te vou as hulle voel dat hulle iewers misluk het

*hulle nooit hoop sal verloor nie, maar dat hulle altyd sal glo in hulself en in U

*hulle genoeg stiltes sal hê om onnodige konflik af te weer en wysheid om te weet wanneer dit nodig is om te praat

*hulle sal hardloop en huppel wanneer die lewe 'n stukkie teerpad onder hulle voete sit en waar hulle grondpad stap, U hulle help om nie moeg te word nie, maar om aan te hou stap

*hulle genoeg stilword tye sal hê sodat hulle krag kan kry vir daardie warrelwind deurmekaar dae.

Hou hulle teenaan U hart, sodat hulle altyd sal onthou waar hulle krag vandaan kom.

Dankie dat U elke oggend saam met hulle stap en by hulle bly.

Sterkte vir die jaar wat voorlê!
(Ontvang van Arnold Scholtz)

Onthou asseblief ons motorwagte



Is daar al 'n kringetjie gemaak om

7 Maart

op jou nuwe 2020 kalender?

Dis die datum van

MATHYS ROETS

se besoek aan ons!

So aan die begin van die jaar bring hy vir ons 'n inspirerende boodskap:

“Voeg LEWE by Jou Dae — nie DAE by Jou LEWE nie!”

DV op SATERDAG 7 MAART 09:00 vir 09:30 in die Kerksaal

Die kaartjies kos **R100** per persoon en sal binnekort beskikbaar wees.

Aangebied deur die Vrouebediening

